



**VROEË WERWE IN DIE
FRANSCHHOEKVALLEI**

Jaline de Villiers
Honneursprojek
Departement Argeologie
Universiteit van Stellenbosch
Desember 1992

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

OPSOMMING

BEDANKINGS

LYS VAN FIGURE

LYS VAN TABELLE

1	INLEIDING	1
2	DIE FRANSCHHOEKVALLEI: 'N HISTORIESE OORSIG	2
3	BOURGOGNE	11
	HISTORIESE AGTERGROND	11
	DIE PLAASOPSTAL OP BOURGOGNE	14
	DIE BUIITEGEBoue	16
4	CHAMPAGNE	18
	HISTORIESE AGTERGROND	18
	DIE PLAASOPSTAL OP CHAMPAGNE	20
	DIE BUIITEGEBoue	21
5	LA DAUPHINé	24
	HISTORIESE AGTERGROND	24
	DIE PLAASOPSTAL OP LA DAUPHINé	26
	DIE BUIITEGEBoue	28
6	BESPREKING	30
	BOEDELINVENTARISSE	30
	WERFUITLEGTE	33
7	GEVOLGTREKKING	37
8	BRONNE	42

OPSOMMING

Drie plaaswerwe geleë op vroeë eiendoms toekennings in die Franschhoekvallei is bestudeer. Die doel was om vas te stel hoeveel van die vroeë kulturele landskap steeds bestaan. Argivale sowel as mondelinge bronne is geraadpleeg. Dit is in oorleg met die data, verkry tydens 'n opname van die plaaswerwe, gebruik. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die oorspronklike Hugenote plaasgrense steeds identifiseerbaar is. Geen formele patroon kon egter vasgestel word vir die uitleg van die werwe nie en die meeste strukture dateer vanuit die negentiende eeu. Die betrokke werwe weerspieël eerder individualiteit binne dieselfde argitektoniese stylvak. Daar is potensiaal vir die uitbreiding van hierdie navorsing om 'n groter aantal plase in die vallei in te sluit.

SUMMARY

Three farmyards on early colonial land grants in the Franschhoek Valley were studied. The purpose was to establish what older elements of the cultural landscape have been preserved. Archival and oral sources were used to amplify the data gained from the survey of the farms. It was found that the boundaries of the original Huguenot farms are still identifiable. No formal pattern of farmyard layout could be established, however, and most structures date from the nineteenth century. The farmyards reflect individuality within the same architectural style. There is potential to extend this pilot study to include a larger sample of farms in the valley.

BEDANKINGS

Ek is baie dank verskuldig aan die volgende persone: Mnr. & Mev. D.J. le Roux van Burgundy, Mnr. & Mev. S.A. Schmidt van Champagne en Mnr. & Mev. S. Malherbe van La Dauphiné, Franschoek vir hul gasvryheid en inligting verskaf omtrent hul onderskeie plase; Die personeel van die Hugenate Gedenkmuseum, Franschoek vir die beskikbaarstelling van relevante argiefmateriaal; B. Adams & H. Clift vir bystand verleen tydens die opmeting van plaaswerwe; L. Rossouw vir hulp verleen met die teken van diagramme; Prof. H.J. Deacon & C. de Kock vir kommentaar gelewer op die teks.

LYS VAN FIGURE

Figure		Bladsy teenoor
1	Guelke, L. 1987: Die Suidwestelike Kaapkolonie 1657-1750. Erfpag eiendomstoekennings	6
2	Afskrif van die oorspronklike titelakte van Bourgogne 1713, Stell. SIII 267	11
3	Afskrif van die oorspronklike diagram van Bourgogne 1713, O.S.F. 2-80	11
4	Grondplan van die opstal, Burgundy	14
5	Plan van die werf, Burgundy	15
6	Afskrif van die oorspronklike diagram van Champagne 1711, O.S.F. 2-16	18
7	Afskrif van die titelakte met die toekenning van verdere 89 morg 28 vierkante voet aan Champagne, 1839 Stell. L.T.B. 53	19
8	Afskrif van die diagram van Champagne 1839, Stell. Q 12-15	19
9	Grondplan van die opstal, Champagne	20
10	Plan van die werf, Champagne	21
11	Afskrif van die oorspronklike diagram van La Dauphiné 1710, O.S.F. 2-12	24
12	Afskrif van die diagram van La Dauphiné 1833, Stell. Q 10b-62	25
13	Grondplan van die opstal, La Dauphiné	27
14	Plan van die werf, La Dauphiné	28

LYS VAN TABELLE

Tabel	Bladsy teenoor
1 Boedelinventaris van Anna Magdalena le Roux 1881, MOOC 13/1/385: 63	30
2 Boedelinventaris van David Jacobus le Roux 1883, MOOC 13/1/437: 21	31
3 Boedelinventaris van Andries Stephanus Roux 1867, MOOC 13/1/248: 87	32
4 Boedelinventaris van Anna M. Roux, 1897 MOOC 13/1/842: 21	33

HOOFSTUK EEN

INLEIDING

Hierdie studie behels die ontwikkeling van 'n aantal plaaswerwe in die Franschhoekvallei sedert die laat sewentiende eeu. Daar is dan gepoog om te probeer vasstel hoeveel van die vroeë of oorspronklike kulturele landskap huidiglik nog identifiseerbaar is.

Die rede waarom genoemde projek aangepak is was die volgende. Met die toenemende aandag wat kultuurbronbestuur tans geniet kom die gevoel na vore dat meer klem gelê behoort te word op die kulturele landskap as geheel. In die geval van 'n plaas dus sal dit dan die opstal sowel as al die buitegeboue daaromheen insluit. Voorheen was dit bloot die indrukwekkende Kaaps-Hollandse herehuise wat die aandag van die meeste bewaarders en navorsers geniet het. Word hierdie benadering in oënskou geneem, behoort dit gou duidelik te word dat dit uiters gebrekkig is. Die buitegeboue op 'n plaas kan immers veel meer inligting verskaf rakende die ekonomiese aktiwiteite wat daar plaasgevind het as wat die opstal sou kon. Dit is dan wat hierdie projek onder andere poog om te benadruk: deur slegs die Kaap-Hollandse huise op plase vir die nageslag te bewaar word 'n baie belangrike deel van laasgenoemde se geskiedenis, wat in die buitegeboue opgesluit lê, afgeskeep.

'n Verdere rede waarom 'n projek van hierdie spesifieke aard van belang is, is dat daar 'n huidige tendens is waarvolgens die betrokke plase nou (nadat hul moontlik vir geslagte lank reeds aan dieselfde familie behoort het) aan buitestaanders, hetsy persone van oorsee of maatskappye, verkoop word. Twee voorbeelde hiervan is die plase Keerweder en Boekenhoutskloof. Die gevolg hiervan is dat belangrike inligting in verband met die plase dan verlore raak soos hul eertydse eienaars verhuis.

Die werkswyse wat gedurende hierdie studie gebruik is, is die volgende: In die eerste plek is 'n verskeidenheid van argivale bronne geraadpleeg. Aktes het name en datums rakende vorige eienaars verskaf, asook die grootte van hul eiendom sowel as dié van bykomende toekennings van grond of die verdere onderverdeling van die betrokke eiendom.

Ook kaarte het die datums en name van vorige eienaars opgelewer en in sommige gevalle die ligging en vorm van 'n opstal. 'n Kaart is verder saamgestel vanuit die oorspronklike diagramme wat bo-oor 'n moderne 1:10 000 kaart van die Franschoekvallei pas. Laasgenoemde dui die verband aan tussen die eertydse en huidige plaasgrense en is beskikbaar by die Departement Argeologie, Stellenbosch Universiteit.

'n Verdere belangrike argivale bron was natuurlik die boedelinventarisse van die vroeë plaaseienaars. In die gevalle waar hierdie dokumente wel opgespoor kon word is dit ongelukkig so dat nie een tegekom is wat tot voor die negentiende eeu dateer nie. Tussen die boedelinventarisse wat wel gevind is, was daar egter voorbeelde wat 'n opstal se inhoud kamer vir kamer beskryf het en waaruit 'n grondplan dus afgelei kon word. In die gevalle waar nie spesifiek na buitegeboue verwys word nie, kon die bestaan van sekere tipes indirek afgelei word vanuit verwysings na betrokke tipes plaasimplimente of lewende hawe. Ook ou fotografiese materiaal is ten slotte onder hierdie bron-kategorie geraadpleeg.

Tweedens is daar dan van mondelinge bronne gebruik gemaak in die vorm van huidige en vorige plaaseienaars. Hulle kon nuttige inligting verskaf omtrent veranderinge wat tydens hul leeftyd aan geboue aangebring is. In sommige gevalle kon hulle ook relevante informasie onthou wat deur byvoorbeeld hul pa of oupa aan hulle oorgedra is.

Dit word ingedagte gehou dat hierdie inligting moontlik nie altyd volkome korrek is nie.

In die laaste plek is daar 'n oorsigtelike opname van die betrokke plaaswerwe gemaak. 'n Kaart is van die werfuitleg saamgestel en 'n grondplan in van die opstalle geteken. Die muurdiktes van afsonderlike geboue is bepaal, daar is gelet op nuwe aanbousels, die toebou van eertydse venster- en deuropeninge, ensovoorts.

Ten slotte is 'n vergelykende studie van die betrokke plaaswerwe dan gedoen. Daar is onder andere gepoog om vas te stel of daar 'n deurlopende patroon van werfuitleg bestaan het al dan nie in die Franschhoekvallei van die agtiende- en negentiende eeue en watter redes moontlik daartoe aanleiding sou gegee het. Ook is aandag gegee aan die mate van verandering (of gebrek daaraan) waaraan die betrokke plaaswerwe met verloop van tyd onderwerp is.

HOOFSTUK TWEE

DIE FRANSCHHOEKVALLEI - 'N HISTORIESE OORSIG

In 1652 het die VOC 'n verversingspos gestig aan die kus van Tafelbaai onder leiding van goeweneur Jan van Riebeeck (Guelke & Shell 1983). Dit was nie die Kompanjie se doel om 'n kolonie te vestig nie, slegs om die bemannings van sy skepe onderweg tussen Europa en Asië van vars voedsel te voorsien en sodoende die voorkoms van skeurbuik te bekamp. Vyf jaar na aanvanklike nedersetting is die eerste klein plasies, van dertien en 'n half morg elk, in 1657 aan die sogenaamde vryburgers toegestaan. Dit was egter in 'n poging om landbouproduksie te stimuleer eerder as om die grootte van die verversingspos uit te brei (Guelke 1982). Tussen 1679 en 1717 het die VOC hierdie proses doelbewus verder gevoer deur grond uit te gee aan setlaars in vrugbare streke anderkant die Kaapse Vlakte. Ook in dié tyd is gereël dat 156 Hugenote vlugteling hulle in Suid-Afrika vestig en die meeste van hulle het in 1688 hier voet aan wal gesit.

Die besluit om die Hugenote na die Kaap te stuur is reeds in 1685 geneem tydens 'n vergadering van die Here XVIII toe ooreengekom is om meer koloniste na Suid-Afrika te stuur en sodoende die landbouproduksie 'n verdere hupstootjie te gee (Botha 1970). Goeweneur Simon van der Stel het spesifiek gehoop dat die Franse vlugteling kennis sou dra van wyn- en olyfboerdery. Onder die eerste besending Hugenote was daar dan ook diegene wat kenners was op die gebied van brandewyn stook en asyn maak.

Die ooreenkoms waarvolgens die Franse Hugenote na die Kaapkolonie gekom het, het as volg daar uitgesien (Coertzen 1988). Hul seereis was kosteloos maar hulle is toegelaat om slegs die nodigste saam te neem, hoewel geen beperking geplaas is op die hoeveelheid spesie, oftewel

gemunte geld, wat 'n individu na die Kolonie kon bring nie. Die immigrante sou hulself in hulle nuwe heenkome moes onderhou deur middel van landbou, handel of enige ander vorm van industrie

Diegene wat verkies het om hulle in die boerdery te begewe was geregtig op soveel grond as wat hulle kon bewerk asook die nodige implemente en trekdier, vernameamlik osse (Botha 1970). Die kontantwaarde van genoemde items moes egter aan die Kompanjie terugbetaal word in die vorm van graan of op ander geskikte wyse. Andersins moes die betrokke boer onderneem om vir 'n periode van ten minste vyf jaar in die nuwe nedersetting aan te bly. Verdere geldelike bystand aan die Franse setlaars sou verleen word met inagneming van hul huwelikstatus, met ander woorde of die spesifieke individu ongetroud was of 'n gesin had om te onderhou.

Teen die tyd dat die Hugenote in Tafelbaai voet aan wal gesit het, was alles reeds in gereedheid gebring om hulle na hul nuwe tuiste teenaan die Bergrivier in die Franschoekvallei te vervoer. Reeds in 1687 is drie-entwintig plase in hierdie area vir genoemde doel uitgemeet. Die koloniale geskiedenis van die Drakensteinvallei het egter dertig jaar vantevore reeds 'n aanvang geneem.

In 1657 ontdek Abraham Gabbema en sy geselskap - hulle was op 'n veeruilkekspedisie - laasgenoemde vallei (Joubert 1985). Die nedersetting, wat voorheen as Olifantshoek bekend gestaan het, is in 1687 herdoop ter ere van die Heer van Mydrecht wat die Kaap in 1685 as Kommissaris besoek het.

Die oopstelling van die Drakensteinvallei as 'n landbou kolonie het gevolg op die skynbaar onoordeelkundige toekenning van eiendom in die Stellenbosch omgewing wat verdere uitbreiding in genoemde gebied onmoontlik sou maak (Christopher 1976). Teenaan die Bergrivier is die

uitgee van plase dus op 'n meer oordeelkundige manier benader. Laasgenoemde was dan 125 acre (60 morg) groot met 'n rivieraansig van 250 jaart (dus ongeveer 250 tree) en 'n lengte van 2500 jaart. Hierdie plase is verder volgens die erfpagstelsel uitgereik wat beteken het dat hul eienaars die eiendom òf kon verkoop òf aan 'n erfgenaam kon oordra.

Om dan terug te keer tot die koms van die Franse Hugenote na Suid-Afrika; twaalf waens is deur die Kaapse Burgerraad en die Stellenbosse Heemrade verskaf om die nuwe aankomelinge en hul besittings na Drakenstein te vervoer (Botha 1970). Voorrade om hulle vir die eerste paar maande deur te sien asook planke om tydelike skuilings op te rig is deur die Kompanjie verskaf. Daar is moeite gedoen om die eiendom wat aan die Franse vlugtelingte toegesê is tussen dié van die Hollandse boere wat reeds in die betrokke area gevestig was te versprei.

Aanvanklik is geen dorp uitgelê in die Drakensteinvallei nedersetting (wat nou reeds onder die Hugenote as *La Petite La Rochelle*, *La Coin Français* of *Quartier Français* bekend gestaan het) nie, hoewel 'n onafhanklike gemeente later daar sou ontstaan (Christopher 1976). Die redes hiervoor word uiteengesit as die uitgebreide aard daarvan asook die armoede van die eerste inwoners.

Volgens Christopher (1976) is die Drakensteinvallei teen 1699 klaarblyklik deur die owerhede as vol beskou ten spyte van die feit dat slegs 7% van die totale landoppervlakte daar as eiendom uitgereik was. Alle beskikbare oewerliggende grond was egter reeds beset. Dit het beteken dat hoewel elke boer amptelik 125 acre besit het, die werklike grootte van sy plaas, wanneer sy deel van die gemeenskaplike weigrond bygereken word, in der waarheid eerder 1600 acre groot was.

Voor 1700 dus was daar reeds nege plase in die Franschoekvallei waarop Hugenote boer (Fig. 1). Hierdie




Fig.1 Guelke,L. 1987: Die Suidwestelike Kaapkolonie 1657-1750.

Erfpag eiendomstoekennings

eiendom was dan as volg: Bourgogne van Pierre de Villiers, Cabrière van Pierre Jourdan, Champagne van Abraham de Villiers, La Bri van Jacques de Villiers, La Cotte van Jean Gardiol, La Dauphiné van Estienne Niel, (Bo-) La Motte van Jacques Malan, La Provence van Pierre Joubert en La Terra de Luc van Matthieu Amiel (Arniel). Slegs een plaas was gedurende dié betrokke era in die besit van 'n Switserse burger, naamlik ene Hendrik (Heinrich) Muller van Basel. Die plaas was Keerweder, terloops die eerste eiendom wat in die vallei uitgereik is. Ook Keerweder is egter in 1702 deur die Fransman Estienne Niel aangekoop.

Om administrasie weens vinnige uitbreiding (onder andere die gevolg van 'n gebrek aan voldoende landbougrond) te vergemaklik is die Stellenbosch distrik in 1687 in twee administratiewe eenhede onderverdeel met die Drakensteingebied as een (Joubert 1985). Laasgenoemde word in 1798 verder verdeel in veldkornetskappe. Dit is interessant om daarop te let dat dit opvallend is dat Franschoekse burgers wat as veldkornette aangestel is, gewoonlik van die mees welgestelde boere in die vallei was. Die kollegie van Landdros en Heemrade het dus sonder enige twyfel voorkeur gegee aan ryk burgers met hoë aansien in die gemeenskap wanneer genoemde poste gevul moes word.

Die vervoer van landbouprodukte na die Kaap was 'n moeilike en duur proses, vernaamlik weens die groot afstande wat afgelê moes word, met die gevolg dat daar slegs 'n beperkte persentasie wins te maak was vanuit boerdery (Christopher 1976). Boonop het die lae bevolkingsdigtheid sowel as die gebrek aan kapitaal veroorsaak dat daar gedurende die eerste twee eeue na nedersetting 'n uiters basiese en gebrekkige paaie-sisteem die Kaapkolonie moes bedien. Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat die bewerkte landbou-areas beperk en afgesonderd was, soos reeds gesien kon word in die

geval van die Franschhoekvallei. Groot veranderinge het egter binne dié boerderygemeenskappe plaasgevind, spesifiek gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu. Beide graan- en wynproduksie het tydens hierdie periode 'n oplewing beleef as gevolg van gunstige ekonomiese omstandighede wat geskep is deur die oorloë in Europa, die gepaardgaande plaaslike stasionering van soldate en die toenemende handelsmoontlikhede wat hiermee gepaardgegaan het.

Gedurende die agtiende eeu het 'n reeks van oplewings ook in die boubedryf plaasgevind (natuurlik gekoppel aan bogenoemde ekonomiese toestande) en dan spesifiek in genoemde boerderygemeenskappe (Christopher 1976). Hoewel plaasopstalle steeds relatief eenvoudig daar uitgesien het is al hoe meer aandag aan die versiering van gewels geskenk - die mees oordadiglik versierde voorbeelde van laasgenoemde dateer egter vanuit die vroeë negentiende eeu. Bo en behalwe vir die woonhuis het die volgende geboue deel gevorm van die stereotipiese werfuitleg: die wynkelder(s), slawe kwartiere, werkswinkels asook pakstore - almal met hulle kenmerkende wit gekalkte mure en rietdakke. Hierdie hele werfkompleks was dan gewoonlik omring met 'n ringmuur. Hoewel 'n dorsvloer op sommige plaaswerwe aangetref sou word was groot pakskure volgens Christopher die uitsondering. Let wel dat die voorafgaande as sogenaamde argitipiese werwe beskryf is en dat dit terdeë besef word dat nie alle laat agtiende eeuse- en vroeë negentiende eeuse plaaswerwe in die Suidwes-Kaap so daar uitgesien het nie.

'n Hele aantal plase het ook oor hul eie watermeulens beskik. Dié verskynsel word toegeskryf aan die feit dat vroeë pogings om die maal van koring te sentraliseer skynbaar misluk het omdat laasgenoemde praktyk nie in die behoeftes van die groter graanprodusente kon voldoen nie. Ook die grootskaalse ontwikkeling van privaat watermeulens dateer egter tot die vroeë negentiende eeu.

Gedurende die betrokke tydperk is weinig dorpe tot stand gebring om in die behoeftes van die verspreide bevolking van die Suidwes-Kaap te voorsien. Daar was onvoldoende plaaslike handelsgeleenthede om 'n groot nie-landbou bevolking te onderhou en landbouers het meestal hul besigheid in die Kaap self gedoen. Dit het die ontwikkeling van dorpies in boerderygemeenskappe teengewerk, ook in die gevalle waar onafhanklike gemeentes reeds gevestig was soos in die geval van die Drakensteinvallei.

Volgens Christopher (1976) het die bloeiende wynbedryf - ook in die Franschhoekvallei - aanleiding gegee tot die totstandkoming van 'n welaf groep boere teen 1806. Wyn en brandewyn was immers die Kaapkolonie se hoof-uitvoerprodukte na die buiteland. Die toegang wat wynboere na 1806 tot die Britse mark verkry het, het verder bygedra tot hierdie era van ekonomiese bloei. Genoemde welvaart het gepaardgegaan met 'n periode van grootskaalse renovasie: Landgoedere is opgeknap en veral plaasopstalle is versier. Die Kaap-Hollandse gewel het in toenemende mate simbool geword van die nuutgevonde rykdom. " Prosperity resulted in Baroque and later neo-classical features being extensively used, for, with a substantial slave population, including artisans from the East-Indies, ambitious projects could be effected ".

Rondom 1820 egter het die beskerming wat Kaapse wyne onder die Britse vaandel in die buiteland geniet het, begin afneem (Christopher 1976). Gedurende die tydperk 1822-1827 het wynuitvoere gesorg vir 53,3% van die Kaapkolonie se totale uitvoerproduksie, teen 1841-1845 egter was dit bloot 17,5% van laasgenoemde. Tog was die kontantwaarde van die wyn wat in 1855 geproduseer is 408 000 pond, veel meer as wat in dieselfde jaar op oorsese markte vir Suid-Afrikaanse wol verkry kon word.

'n Laaste belangrike gebeurtenis wat na die mening van Christopher (1976) 'n invloed op die werfuitleg (en

sekerlik ook in Franschhoek) van plase in die Suidwes-Kaap had was die vrystelling van slawe in 1832. In plaas van die vroeëre slawe kwartiere is plaaswerkers nou in aparte "gekleurde" gemeenskappies of werkershuisies gehuisves. Na daar aanvanklik arbeidsprobleme ondervind is, het die gevestigde ekonomie egter feitlik onveranderd bly voortbestaan. Laasgenoemde stelling is 'n punt wat debatering regverdig maar dit is nie die doel van hierdie stuk om enige uitsprake oor die betrokke kwessie te lewer nie.

HOOFSTUK DRIE


BOURGOGNE

'n Historiese Oorsig

Die drie broers Pierre, Abraham en Jacques de Villiers het op 6 Mei 1689 aan boord van die Zion in Suid-Afrika aangeland (Pama 1980). Hulle word as volg beskryf: "When they began life in the new country, they had only one horse. Between them, so they had to take turns to ride to church on Sundays and hear Pastor Simond preach. But these three French refugees were to prosper...". Aanvanklik het die drie De Villiers broers 'n gemeenskaplike plaas, naamlik La Rochelle (vernoem na hul geboorteplek) besit. In 1694 egter is drie plase aan hulle uitgereik: Bourgogne aan Pierre-die oudste-, Champagne aan Abraham, en La Bri aan Jacques-die jongste.

As leningplaas is Bourgogne (waarvan 'n gedeelte nou bekend is as Burgundy) dus in 1694 aan die Hugenoot Pierre de Villiers toegeken (Malherbe 1991). Hierdie eiendom is egter eers in 1713 formeel aan hom oorgedra (Fig. 2 & Fig. 3). Die plaas is met die gebruikelike voorwaardes verleen; Pierre kon die grond na goeddunke bewerk, vee aanhou, geboue oprig, die grond verkoop of verhuur. Hy moes 'n wapad ten minste drie roede breed vir gebruik deur sy bure oophou en vir elke boom of bos wat hy afkap moes hy 'n jong akkerboom of enige ander boom plant. Hy moes ook 'n tiende van sy koringopbrengs aan die Kompanjie afstaan vir belasting.

Dit is nie bekend waarin Pierre de Villiers op Bourgogne gewoon het nie (Malherbe 1991). Hy is in 1694 getroud met Marie Elisabeth Taillefer en het toe op sy skoonvader, Isaac Taillefer, se plaas Picardie in die Paarl geboer. In sy inventaris wat in Januarie 1720 opgestel is word vermeld dat sy plaas "in de Fransche Hoek sonder timmerasie", dit wil sê sonder enige geboue daarop was. Die vermoede bestaan dat die drie De



Schaal van 400 Rhynd. Roeden.

1n Stuk land genaamd Bourgogne.

Bovenstaande Figuur A.B.C.D.A. inhoudende 66 Morgen 400 Quadraat Roeden voor Pieter Villiers door my gemeeten,

(Get.) K.J. Slotzboo.

Copied from diagram relating
 to Title.....Deed No. O.S.F. 2-80
 dated 18.12.1713
 for Surveyor-General
 7.10.1966

Sht. BI-7CAD

For list of
 reductions see
 back of diagram

GR/ML
 11903

Fig.3 Afskrif van die oorspronklike diagram van Bourgogne 1713, O.S.F. 2-80

Villiers-broers in een huis gewoon het voor hul onderskeie troues. Bourgogne het in Pierre se boedel gebly tot nà sy vrou Marie Elisabeth Taillefer se dood op 8 Junie 1735.

Die latere eienaars van die plaas was dan die volgende (Malherbe 1991). Op 29 September 1735 koop Pierre Roux die plaas uit Pierre de Villiers se boedel terwyl Johannes Roux die eiendom op 7 November 1771 vanuit sy vader se boedel oorneem. Johannes Roux jnr. koop Bourgogne by sy vader, Johannes Roux, op 30 Desember 1775.

In 1777 is die plaas deur Jacob Marais aangekoop wat die huidige Kaaps-Hollandse huis in 1791 gebou het (De Bosdari 1964). Die datum van oprigting asook die voorletters van Jacob en sy vrou, Johanna Jacoba Theron, verskyn op die voorgewel. Volgens Cook en Fransen (1980) bestaan daar verwarring oor laasgenoemde nadat Jacob se voorletter verkeerdelik na 'n B herstel is, waarskynlik tydens restourasie van die gewel na 'n brand in 1907 (Cook & Fransen 1980).

Jacob Marais was 'n welvarende boer en leier in sy gemeenskap (Malherbe 1991). Hy is op 4 Augustus 1786 in die plek van Abraham Josua le Roux aangestel as veldkornet van Franschoek. Genoemde persoon het aan die hoof van die plaaslike bestuur van elke veldkornetskap gestaan. Ná nege jaar van diens het Jacob die Krygsraad van Stellenbosch versoek om hom uit sy pos te ontslaan weens sy swak gesondheid. Marais sou nie lank in sy nuutgeboude huis op Bourgogne woon nie want hy is in 1796 oorlede. Sy weduwee is op 4 Maart hertroud met die wewenaar Carel van der Merwe.

Die volgende interessante feite het vanuit die gesamentlike testament - soos opgestel op 25 Desember 1786 - van Jacob Marais en Johanna Jacoba Theron na vore gekom (Malherbe 1991). Daar is uitdruklik versoek dat

hul slawe wat bekeer is, nie verkoop mag word nie. J.J. Theron het verder in haar testament gevra dat die slawe Damon van Bengalen, Marthinus van de Caab, Eva van die Caab en Rachel van de Caab na haar dood vrygestel moes word op onkoste van haar boedel. Haar ander slawe, Dampie van de Caab, Frederik van de Caab, Adam van de Caab en Miena van de Caab kon kies by wie van die erfgename hulle wou gaan woon en werk.

Op 19 Desember 1800 erf David Jacobus le Roux die plaas van sy tante Johanna Jacoba Theron. Melding van 'n watermeul op Bourgogne word vir die eerste keer in 1810 gemaak. Dié meul is egter waarskynlik vroeër al opgerig. Genoemde watermeule is na alle waarskynlikheid deur boere gebruik om koring mee fyn te maal vir huishoudelike gebruik.

D.J. le Roux het hom nie net besig gehou met boerdery nie (Malherbe 1991). Aan die einde van 1812 het hy en ene Wessel Pretorius aangebied om 'n pas oor die Franschhoekberge te bou. Le Roux sou hierdie taak uitvoer indien 'n voorskot van 20 000 gulden aan hom gegee sou word. Ook het hy twintig slawe vir 'n tydperk van sewe maande versoek. Hierdie poging het egter soos vele ander op niks uitgeloop nie. Dit kan bloot genoem word dat so 'n bergpas eers in 1818 deur Samuel Johannes Cats gebou is. Op 30 Junie 1839 word 'n verdere dertig morg 557 vierkante roede erfpaggrond aan David le Roux toegeken.

Petrus Albertus le Roux erf op 16 Augustus 1839 vir Bourgogne van sy skoonvader David Jacobus le Roux. P.A. le Roux is in 1829 met Anna Magdalena le Roux, dogter van le Roux en Martha Maria Haumann, getroud.

Tot op hierdie stadium was die plaas 66 morg en 400 vierkante roede eiendomsgrond en 30 morg 557 vierkante roede erfpaggrond groot (Malherbe 1991). Onderverdelings het vanaf 19 Mei 1864 plaasgevind. Daar kon egter nog

nie met presiesheid vasgestel word van wanneer af die een gedeelte as Burgundy bekendstaan nie. Die grootste gedeelte van Bourgogne/Burgundy is tot vandag toe nog in die Le Roux-familie se besit. Die huidige eienaar van Burgundy, mnr. David Jacobus le Roux, het die plaas vanaf 1944 gehuur totdat dit op 21 Maart 1956 sy eiendom geword het.

Pama (1980) beskryf die aanvanklike druifkultivars wat op Bourgogne aangeplant is as die "ou Suid-Afrikaanse variëteit" naamlik, Groen Druive ("Green Grape"). Later van tyd is wingerde met *Colombard*, *Chenin Blanc* en *Clairette Blanche* egter ook aangelê.

Die plaasopstal op Burgundy

Soos reeds genoem dra die voorgewel van die woonhuis die datum 1791. Dit is dan ook waarskynlik die datum waarop die huis in sy huidige staat opgerig is. Laasgenoemde verwys na die holbol gewels en H-vorminge grondplan (Fig. 4). Vos (1986) stel dit dat dit moeilik is om te bepaal of die laat sewentiende - of selfs vroeë agtiende eeuse woning moontlik later as deel van die bestaande opstal ingesluit is. Ook maak Trotter (1903) melding van die ruïnes van 'n vroeëre gebou wat aan die begin die eeu nog sigbaar was.

Die voorgewel is 'n voorbeeld van 'n laat holbol-tipe met pleisterversierings - rankmotiewe en sterre - volgens die Rococo styl. Dit kan hier net genoem word dat daar steeds bespiegel word oor die aard van genoemde motief (Fairbridge 1922). In die *Paarl Post* van 8 Julie 1983 is die volgende daaroor berig: "Die gewel is versier met spiraalvormige ranke wat stervormige blomme dra waarvan party nog toe is, en ander reeds verwelk het. Hoewel Fransen en Cook dit in *Old Houses of the Cape* beskryf as 'n vreemde wingerd wat sterre dra, reken lede van die Stigting (Simon van der Stel) dat dit eerder 'n afbeelding is van die driekantige rankkaktus, Konining

van die Nag, wat net snags stervormige wit blomme dra wat soggens weer verwelk ". Mevrouw Joey le Roux, die eggenote van die huidige eienaar van Burgundy, is egter van mening dat dit die lotusplant is wat op die betrokke gewel pryk. Dit is 'n aanvaarbare voorstel wanneer inaggeneem word dat die vakman verantwoordelik vir die pleisterversiering heel waarskynlik van Oosterse afkoms was.

Heelwat veranderinge is deur die loop van twee eeue aan die huis aangebring (Malherbe 1991). In 1907 het 'n brand groot skade aangerig. Vonke van 'n brandende bos het die dak van die kelder laat vlamvat en voordat dit geblus kon word was die dak van die woonhuis ook aan die brand. Die brandsolder het egter verhoed dat die brand na die res van die huis versprei. Skade is aan die oorspronklike gewelvenster aangerig en dit moes vervang word. Die rietdak is deur 'n sinkdak vervang en in die proses is die dakrand gelig. Ook is die holbol entgewels deur spitsgewels vervang en die agtergewel is heeltemal verwyder.

Die algemene gevoel (De Bosdari 1964, Cook & Franssen 1980) is dat die Rococo voorgewel na genoemde ramp sy punte ingeboet het. Na aanleiding van die opname wat Vos (1986) egter van die huis gemaak het voel hy dat die gewel se vorm intakt is. Hy stel dit verder dat: " 'n Onderzoek in die solder toon hoe die dakrand opgebou is met mostertkleie tot teenaan die gewel se sykante. Die kleie (>1907) is in ooreenstemming met dié van die sygewels waar die sinkdak ingekap is. Die sinkdak en mostertkleie is dus tydgenootlik".

Ander veranderinge wat dan aan Bourgogne se woonhuis aangebring was, is die volgende: Die oorspronklike *porte-de-visite* (skerm) is deur 'n skuifdeur vervang wat op sy beurt deur geelhout- en kiaathoutdeure vervang is (Malherbe 1991). Een deurgang is tot 'n muurkas omskep. Twee buitedeure is toegebou. Dennehout vloerplanke is

oor die oorspronklike misvloer gelê wat later verrot het en vervang moes word. Die soldertrap wat opgegaan het uit die kamer wat tans die spens is, is verwyder. Die Bakoond is omskep in 'n pottekamer. 'n Badkamer is in 1941 ingerig in die vroeëre spens. In 1938 is 'n kaggel ingebou. 'n Plafon is in 1954 oor die ou balke en geelhoutplafon aangebring. Laastens is die klipstoep met 'n laag sement bedek en stoepbanke is aangebring.

Die oorgrote meerderheid van al die agtiende eeuse houtwerk het behoue gebly, veral in die voorfasade (Malherbe 1991). Gedeeltes van die vensterrame en -luike was egter verrot en gedurende 1988 is sekere noodsaaklike herstelwerk gedoen, naamlik die verrotte luike is vervang, die vensterbanke is vervang en die voordeur is skoongemaak en geverf. Die latere gewelvenster is vervang deur 'n venster soortgelyk aan die oorspronklike voorbeeld. Alle sement is van die voorstoep en trappies afgekap en 'n klipstoep en -trappies is gebou. Ornamentasie op die voorgewel is gerestoureer en die voorfasade is oorgepleister asook die agterfasade.

Die buitegeboue

Die werfkompleks van die hoofwoning met die omliggende geboue (Fig. 5) is grotendeels ongeskonde. Noord van die opstal is die lang wynkelder/stalle geleë met noordooswaarts nog twee geboue. Die watermeul was in dieselfde omgewing. 'n Dorsvloer kom ook voor en die huidige kraal is volgens Mnr. le Roux, die eienaar, in die ligging van die oorspronklike kraal, wat kleimure gehad het, opgerig.

Die gebou wat waarskynlik die oorspronklike wynkelder was is 20 meter lank en 7 meter breed. Hoewel dit voorgestel is dat hierdie moontlik die oorspronklike woning op Bourgogne was (volgens die huidige eienaar), is dit nie seker nie. Daar is geen deure of vensters nie, bloot luggate. Aan die agterkant van dié gebou is daar wel 'n

toegeboude deuropening. Die mure is 600 mm dik en is opgeklei, geen bakstene is dus gebruik nie. In die geval van die ou wykelder is die klipfondasie tot op 'n hoogte van 1,6 meter opgebou. Hierdie verskynsel is sekerlik die gevolg van die uiters moerassige, nat omgewing wat veral in die winter probleme sou veroorsaak met klammigheid wat in die kleimure sou intrek.

Die negentiende eeuse kelder/stalle (40m x7m) het ru afgewerkte buitemure wat ongeveer 550 mm dik is. Oorspronklike binnemure is uitgebreek en met 'n moderne onderverdeling is die gebou ingerig as pak- en stoorkamers. Mnr. D.J. le Roux was bewus van die feit dat dié gebou se rietdak in 1894 afgebrand het, dat dit daarna met 'n sinkdak vervang is en die dakrand dus noodwendig gelig is. Die buitetrapp wat tans na die solderdeur lei is 'n moderne toevoegsel. Aan die agterkant van die betrokke gebou is die klipfondasie tot 2,5 meter hoog en daar is ook stutmure. Weereens kan laasgenoemde verskynsel moontlik toegeskryf word aan die buitengewoon nat omgewing - bowendien is die kelder/stalle op die oewer van die meulstroom geleë. 'n Verdere interessante verskynsel is die spoelklip "stoepie" aan die suidwestelike kant van die gebou. Die binneste vloeroppervlakke bestaan ook uit spoelklippe.

Die sogenaamde "waenhuis" met afmetings van 5m x 7m (wat tans as motorhuis gebruik word) in die omgewing van die vroeëre wykelder is 'n relatief resente struktuur wat deur die huidige eienaar se skoonvader opgerig is. Mnr. le Roux meen egter dat dit nie onmoontlik is dat hier eertyds 'n kalwerhok was nie.


Die watermeul kon ongelukkig nie opgespoor word nie hoewel die algemene omgewing - langs die kraal - waar dit geleë was deur Mnr. le Roux geïdentifiseer is. Die meulsloot is egter nog sigbaar.

HOOFSTUK VIER

CHAMPAGNE

'n Historiese oorsig

Hierdie eiendom is in 1711 aan Abraham de Villiers toegeken (Fig. 6) hoewel hy reeds sedert 1694 daar gevestig was (Cook & Franssen 1980). Die oorspronklike plaas was 60 morg en 300 vierkante roede groot. Mnr. en Mev. Schmidt, die huidige eienaars van 'n gedeelte van die eertydse Champagne, het die volgende aanhaling vanuit die titelakte soos uitgereik aan Abraham de Villiers verskaf: "...met volkoomen magt en regt om't selve Land van nu afaan...te mooge besaaijen, beplanten...betimmeren en...te bezitten..., weederom te verkoopen, verhuuren of te andersints...Blijvende hij gehouden nevens zijn Coornland, soowel tot zijn eijgen als andere Ingeseetenes gebruik en gerieff. te gedoogen een gemeene wagenweg, mistsgaders een doordrift ten minsten ten breete van drie roeden of soodanig als de overigheijd 't hier in den tijd goed vinden sal; als meede verpligt in plaats van't afgekapte hout, op sij land telkens jonge eijke boomen of ander houtgewas te planten, daar en booven met deze dienstbaarheid dat hij jaarlijks van zijn gesaaide coorn aan den heer of d'E Comp sal moeten opbrengen de tiende sijnen ingesamelde graanen op verbeurte van het gegeven land, indien bevonden word deeze onze ordres te hebben overtreeden, of dat hij zijn land niet naar behooren en naar luijt den Placcaten sal bebouwen en cultiveeren. In welken geval het'd overigheijd sal vrijstaan het selve Land hem weeder af te neemen, en dat aan een ander te geeven. Blijvende het verder onderworpen soodanige...geregtigheden mitsgaders verpligt alsulke 's heeren weegen te gedoogen, als hij de overigheijd alhier gesteld zijn of namaals 't dienst van E. Comp. en't gemeene beste souden moogden gesteld worden".



Rem. **CANCELLED**
 VIDE. Form 14.12 (CCT 9808/89)
 1897-03-17
 SURVEYOR-GENERAL

IN TERMS OF SECTION 31 (BIS) OF ACT
 9 OF 1927 THE FOLLOWING HAS BEEN
 ACKNOWLEDGED AS THE BOUNDARY—
 THE MIDDLE OF *Franschaak Aker*
from x to y
 VIDE FILE # *PAARL 1095* PAGE *10/11*
H. C. ...
 SURVEYOR-GENERAL.

Bovenstaande twee Figuren zyn gemeeten door
 Hendrik Barendse Oldeland den 13^{de} October 1694
 inhoudende te zamen 60 Morgen 300 q.^t Roeden
 door my gekarteerd den 25^{ste} January 1711
 (Get.) K.J. Slotzboo

Afskrif van kaart waarna verwijs word
 In *G/B* O.S.F. *2-16*
 gedateer *25-1-1711*
 H. C. Slotzboo
 H. N. S. Landmeter-Generaal.
 21-9-1966

Vir afrekkings
 van keery.

GR
 1094
 1095-1095

Fig.6 Afskrif van die oorspronklike diagram van Champagne 1711, O.S.F. 2-16

Op 25 Junie 1721 koop Antoine Nortjé vir Champagne terwyl Daniel Jacobs dit op 12 April 1752 by hom oorneem (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). 10 April 1789 is die datum waarop Jacob Stephanus Malan die betrokke eiendom aanskaf en op 2 Februarie 1810 word dit deur ene Eduard Christiaan Hauman aangekoop (Fig. 7 & Fig. 8).

Die Roux-familie kom in 1842 in besit van Champagne toe Andries Stephanus Roux op 13 Oktober die plaas by E.C. Hauman, sy skoonvader, oorneem.


Op 29 September 1868 word die eiendom van 60 morg en 300 vierkante roede as volg onder die erfgename van A.S. Roux verdeel (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). Pieter Eduard kry 13 morg 228 vierkante roede, Eduard Christiaan 7 morg 36 vierkante roede, Jacobus Petrus 11 morg 462 vierkante roede, Andries Stephanus jnr. 4 morg 497 vierkante roede en Abraham Josua Roux 23 morg 13 vierkante roede.

In 1867 word 'n spesiale kontrak tussen die weduwee van Andries Stephanus Roux en een van haar seuns opgetrek (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). Daarin is dan uiteengesit dat Petronella Magdalena Hauman die reg had om "Die agterfront van die Huis" sowel as die helfte van die ommuurde tuin (in die lengte af) en die helfte van die spens te gebruik. Die kombuis sou nie gemeenskaplik wees nie.

Interessante inligting vanuit die geskiedenis van die plaas, Champagne, is die volgende (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal): Gedurende die sewentiende- en agtiende eeue is daar vuurgemaak op die rookbaken op hierdie eiendom as teken vir die inwoners dat 'n leraar die gebied sou besoek. Almal het dan bymekaargekom vir 'n diens.

Champagne was volgens Pama (1980) een van die eerste plase in die Franschoekvallei om vrugte uit te voer na

ISSUED FOR INFORMATION ONLY
 ALLEEN VOOR INFORMATIE DOEL ENDE UITGEREIK




The above Diagram A & Q represents the land surveyed for and granted, called "Champagne", situated at Franschoek on the Eastern side of Stellenbosch, containing 144 morgen 339 square rods, from which is deducted 55 morgen 311 square rods, Freehold, &c. leaving 89 morgen 28 square rods to be granted.

Extending Southwards 1/2 Dutch mile to La Mulla, North and Eastwards to the River Dammeys for the Estate Taberna and for all annual tithes, "Licht Concel", also to La Mulla.

Surveyed for Edward Christian Hauman, His son

For information of the S.D.S. OFFICE
 J. B. Hauman
 July 1831

Fig.7 Afskrif van die titelakte met die toekenning van 789 morg 28 vierkante roede aan Champagne 1839, Stell. LTB53



THE FARM Champagne No. 1839
PARL

CANCELLED
 No. 1839 of 1839
 Surveyed for
 Daniel Hugo
 1839 of 1839

Good Arable Cultivated	2,200
Common Arable Cultivated	5,570
Grazing Ground	80,434
	88,204

Korg. Roods. 311 ✓

The above Diagram A to Q represents the land surveyed for and Freehold, called "Champagne", situated at Freehook in the District of Stellenbosch, containing 144 Morgen 339 Square roods, from which deduct 55 Morgen 111 Square roods, Freehold (RR) leaves 89 Morgen 28 Square roods to be granted:-

Extending Southwards-Westwards to "La Brie" Northwards and Eastwards, to the land surveyed for the Estate "Cabri" and for Daniel Hugo, "Field Cornet's", also to La Brie.

Surveyed for Edward Christian Hauman, Petera Son.
 (Sgt.) H. B. Korman.
 Surveyor.
 July 1831.

Copied from diagram relating to
 the Title No. 1839 of 1839
 dated 30.7.1839
 19.11.1978

Scale 1:10,000
 Checked by
 19.11.1978

Fig.8 Afskrif van 'n diagram van Champagne 1839, Stell. Q12-15

Engeland in 1900 en is lank reeds bekend vir die "Champagne Heuning" wat op die plaas self verpak word. Hierdie is ook die eerste eiendom bekend waarop Turkse tabak op groot skaal in Suid-Afrika verbou is.

Die plaasopstel op Champagne

Hierdie woning is ongewoon in soverre dit 'n reghoekige vorm het (van 12 meter breed) met 'n grondplan (Fig. 9) in die vorm van 'n kompakte ("condensed") - H (Cook & Fransen 1980). Die huis se breedte is daarom 40 voet in plaas van die kenmerkende 20 voet van die meeste ander Kaaps-Hollandse huise. Laasgenoemde word toegeskryf aan die feit dat die maksimum lengte vir dakbalke (vervaardig uit plaaslike houtsoorte) klaarblyklik 20 voet was.

Daar is nou diegene wat die afleiding gemaak het dat die opstal dus aanvanklik uit 'n sogenaamde "longhouse" bestaan het en dat 'n tweede van genoemde tipe aan die voorkant daarvan opgerig is met slegs die spasie van 'n deuropening tussen-in (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). Uiteindelik is dié twee geboue dan onder een dak geïnkorporeer. 'n Datum van gedurende die 1830's word verder gekoppel aan die voltooiing van so 'n projek. Dat laasgenoemde meer as blote spekulasie is, is egter onwaarskynlik wanneer die feit inaggeneem word dat die eenvoudige oorspronklike woning net agter die huidige opstal geleë is.

Hoe dit ook al sy, die grondplan sien as volg daar uit (De Bosdari 1964): 'n sentrale voor- en agterkamer (wat van mekaar geskei word deur 'n geel- en stinkhoutskeerm) strek oor die volle breedte van die huis. Die res van die woning is twee vertrekke diep met twee groot kamers aan weerskante van die voorhuis en 'n kombuis en slaapkamer wat vanuit die agterkamer/eetvertrek uitloop. Die hout-trap wat langs die kombuis op na die solder gelei het is uitgesaag om vir die drank-kabinet wat

gedurende Mev. Schmidt (persoonlike inligting) se skoonmoeder se leeftyd geïnstalleer, plek te maak.

Die muurkonstruksie bestaan uit spoelklippe, rou kleistene en in die geval van een van die slaapkamers, interessant genoeg, uit opgestapelde leiklip. Beide die voor- en agterfasade van die huis is nog intakt; met hul skuifraamvensters en 'n bo- en onderdeur met aan weerskante skuifraamvensters die helfte van hul normale breedte. By die agterdeur is daar verder twee breë pleister pilasters aan beide kante daarvan, wat onomstootlik dui op die vroeëre bestaan van 'n gewel waarna in die volgende paragraaf verwys word.

In 1899 is die rietdak met 'n sinkdak vervang en is die voor- en agtergewels verwyder (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). Klaarblyklik dateer die nuwe soldertrap ook uit hierdie era. Die dakrand is aansienlik gelig en soldervensters is ingevoeg. Volgens Franssen en Cook (1980): "An Elliot photograph (675) shows the house with straight, low-pitched end-gables; the present end-gables are modern, and there are later stoepkamers".

Die huidige duiwehokke in die soldertrap is 'n moderne kopie van dié by Bien Donné; die oorspronklikes is skynbaar in die 1930's toegemessel. 'n Verdere nuwe toevoeging is die veranda aan die agterkant van die opstal.

Die buitegeboue

Die werfuitleg (Fig. 10) van Champagne sien dan as volg daar uit. Soos reeds genoem is "The Cottage" (17m x 6m) wat direk agter die teenswoordige woonhuis geleë is, waarskynlik die oorspronklike woning wat op die betrokke eiendom opgerig is. Dit is 'n eenvoudige ry vertrekke waarvan die buitemure bestaan uit spoelklippe en klei wat ongeveer 700 mm dik is.

Aanvanklik was dit waarskynlik 'n drie-vertrek geboutjie - moderne mure is intussen opgerig - met twee kamers wat as woonruimte benut is en 'n stal in die derde vertrek (laasgenoemde het nog 'n staldeur). Daar is dan ook 'n ou vuurherd in een van die twee voorgestelde woonvertreke. Die eertydse rietsolder word tans deur 'n moderne plafon bedek en die rietdak is ook met sinkplaat vervang.

Tussen die nuwer woning en die voorgestelde oorspronklike een is daar 'n oppervlak wat met spoelklippe uitgelê is - volgens oorlewering deur Champagne se slawe. Die "Cottage" se stoep is op 'n stadium met sement toegemessel maar is deur die huidige eienaars herbou met die oorspronklike boumateriaal.

Aan die agterkant van "The Cottage" is daar 'n geboutjie (7m x 4m) waarna deur die huidige eienaars verwys word as 'n hoenderhok. Toegang tot dié gebou kon ongelukkig nie verkry word nie.

Die wynkelder (27m x 18m) het 'n hoë klipfondasie en die mure is gebou van kleistene met 'n besondere donkerbruin kleur wat klaarblyklik op Champagne self gebak is. Hierdie mure is 550 mm dik en die kalk en dagha pleistering bo-oor is ook baie dik. Die oorspronklike ronde, ru afgewerkte dakbalke kan nog gesien word. In die omgewing van die wynkelder is daar die oorblyfsels van wat moontlik deel was van die werf se ringmuur.

Agter die kelder is die waenhuis (12m x 7m) wat wanneer na die dikte van die buitemure, naamlik 700 mm, gekyk word een van die oorspronklike geboue op Champagne moes wees. Dit is egter heeltemal verander en word tans as 'n koelkamer gebruik. Moderne mure verbind dit met die wynkelder (en nuwe pakskuur daarnaas circa 1948) aan die een kant en met nog 'n nuwe stoor (circa 1952) aan die ander kant.

Op die werf van La Colline, wat deel was van die oorspronklike Champagne, staan nog 'n gebou (20m x 6m) met 'n ou akkerboom daarnaas wat eerder deel sou wees van laasgenoemde se werf. Daar is diegene wat meen dat hierdie moontlik die oorspronklike woning was. Dit lyk egter onwaarskynlik en dan om die volgende rede: Die mure van dié deel waartoe wel toegang verkry kon word is 550 mm dik, dus veels dunner as dié van "The Cottage" aan die anderkant van die draad wat genoemde twee werwe skei. Tans word die voorste gedeelte van hierdie gebou as 'n motorhuis en die agterste deel as 'n koelkamer benut - alle venster- en deuropeninge hier is toegemessel. Binne-in die solder lyk dit asof die dakrand op 'n stadium gelig is en dat die oorspronklike rietdak dus met 'n spits sinkdak vervang is. Volgens die eienaar van La Colline was hierdie geboutjie na sy wete 'n ou stal. Aan die agterkant van die betrokke gebou is spoelklip fundamente (ongeveer 5m x 4m) geïdentifiseer met kleisteen en dagha oorblyfsels - 'n moontlike kalwerhok?

HOOFSTUK VYF


LA DAUPHINÉ

'n Historiese agtergrond

Hierdie eiendom is in 1694 aan ene Estienne Niel toegeken hoewel hy ook eers die amptelike grondbrief in die vroeë agtiende eeu sou ontvang (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). In die woorde van Brooke Simons (1987): " The farm...was named not, as it might seem in honour of the French crown prince, but as a poignant reminder of the province of La Dauphiné in the south-east of Niel's native France ". Figuur 11 is 'n afskrif van die oorspronklike diagram van die betrokke eiendom soos opgemeet deur ene "Hendrig Barend Oldenland" in 1710.

Estienne Niel sou uiteindelik een van die mees welvarende boere in die Franschoekvallei word (Coertzen 1988). In 1700 byvoorbeeld kon La Dauphiné reeds met 100 000 wingerdstokke spog waarvan die produksie 120 leërs wyn was. Wanneer inaggeneem word dat 'n leër gelykstaande is aan 152 gelling (Van Zyl 1973) het Estienne Niel dus ses jaar nadat hy sy eiendom van ongeveer 60 morg ontvang het, 18 240 gellings (of ongeveer 91 200 liter) wyn geproduseer. Ook het hy in dieselfde jaar 150 mud koring (min of meer 15 ton) en 60 mud rog geoes (Marais 1983). In 1825 egter was daar 70 000 wingerdstokke op La Dauphiné oor en is bloot 36 leërs wyn en 2 leërs brandewyn geproduseer.

Niel (wat in 1693 in Suid-Afrika aangeland het as 'n soldaat in diens van die VOC) was betrokke by die aksie wat die vryburgers teen goewerneur Willem Adriaan van der Stel geloods het (Pama 1980). Tydens ondervraging deur die Stellenbosse landdros is Niel aangesê om 'n petisie ten gunste van die Goewerneur te onderteken maar hy het geweier. Ten spyte van hierdie bloutjie wat hy met die plaaslike gesag geloop het, sou Estienne eers as 'n




"le Dauphine"

Groot 60 Morgen netto gemeeten door
Hendrig Barend Oldenland

Dit is door myn gecarteerd den 19 Aug 1710

(Get.) K.J.Slotsboo

Afskrif van kaart waarna verwys word G/B O.S.F. 2 ¹⁰ -12	Sht. BL-7CBC
In.....Nr.....	
gedateer.....19-8-1710	
 nms. Landmeter-Generaal, 23-9-1966	
	Vir uittrekkings sien keerey.

GR

111197

Fig.11 Afskrif van die oorspronklike diagram van La Dauphine 1710, O.S.F. 2-12


sersant in die burgermag en in 1715 uiteindelik as heemraad aangestel word.

Klaarblyklik het Niel die plaas aan sy seun Jean (Johannes) bemaak maar dié het geen manlike erfgename gehad nie (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). Op 17 November 1723 dus is die betrokke eiendom oorgedra aan Andries Grové (eggenoot van Anna Niel) en Paul Jordaan (eggenoot van Rachel Niel). Dirk Weesberg bekom La Dauphiné dan op 12 Maart 1734 en Pieter Roux neem dit op 8 Desember 1745 by hom oor.

Op 6 Desember 1797 word Daniel Jacobs (daar is reeds na hom verwys in soverre hy op 'n stadium ook vir Champagne besit het) die eienaar van La Dauphiné (Vertue 1976). Hy het die huidige opstal gebou en sy voorletters, en dié van sy vrou, Sara Maré, preik op die voorgewel. In 1811 (16 Augustus) koop Pieter Daniel de Villiers die plaas aan en in 1822 word die oorspronklike eiendom onderverdeel in twee porsies onderskeidelik 15 morg 309 vierkante roede en 44 morg 291 vierkante roede groot (Fig. 12).

Die gedeelte waarop die ou woonhuis gebou is, is in 1872 deur Tielman Francois Malherbe van ene John Douglas aangekoop (Pama 1980). Na Tielman se dood in 1920 het sy seun, Septimus, die eiendom vanuit sy vader se boedel aangekoop. Septimus was vir verskeie jare lank die burgemeester van Franschhoek. Die huidige eienaar, Simon Petrus van Blerk, is die derde generasie van die Malherbes om hier te boer.

Interessante geskiedenis behels die brons skeepsklok wat op 'n boomstomp langs die opstal staan. Dit kom oorspronklik van die *Anna Maria* van Flensburg in Schleswig, Holstein en het die datum 1806 daarop. Aanvanklik is dit deur die Hugenote kerk in Simondium gebruik waarvandaan dit sy weg na La Dauphiné gevind het. Volgens Brooke Simons (1987) dan: " Here, from a



No. B.292/1831.

The water course is free for Burgundy & La Prt.

A Thoroughfare at H.H. is allowed for the cattle belonging to the Estate of Burgundy to pass over the Mountains to the place in Partnership at the Berg River.

(Sgt.) V.B. Roeman.

THE FOLLOWING BEACONS/
BOUNDARIES ESTABLISHED
BY A. & C. A. R. S.
BY A. & C. A. R. S.

The annexed Diagram A to G represents the Freehold place La Dauphine, and the Government Ground attached, situated in the Freehold and in the District of Stellenbosch, containing 88 morgen 271 Square Rods from which deduct 44 morgen 291 Square Rods Freehold, leaves 43 morgen 580 Square Rods intended to be granted.

Extending North to Burgundy
South " Keerweder
West " the Mountains
& East " the remainder of the Freehold

Surveyed for Peter Daniel de Villiers Sr. now Jacob Pieter Daniel de Villiers, Jacobs son,
(Sgt.) H.B. Roeman,
Sen. Surveyor.
July, 1831.

Capital from diagram entitled
" La Prt." Date No. 1010/1831
12.11.1831
H. B. ROEMAN
Sen. Surveyor
B.I. 7010
giteid
DAK CHECKED

Fig.12 Afskrif van "n diagram van La Dauphine 1833, Stell. Q10b-62

vantage-point high in one of the oaks that surrounded the homestead, it summoned labourers to work in the vineyards - until recently when the ancient tree was felled."

Op La Dauphiné is druiwe nog tot in 1958 met die hand gepars, die laaste plaas in die Franschhoekvallei waar hierdie praktyk gehandhaaf is (Pama 1980). Die tipe druifkultivars wat hier verbou is het deur die jare nie veel verander nie, hoewel hulle nou onder ander name bekendstaan: *Chenin Blanc* (Steen), *Polomino* (Fransdruif) en *Sémilio* (Groendruif)

Die plaasopstal op La Dauphiné

Soos reeds genoem is die huidige opstal in die vroeëre negentiende eeu deur Daniel Jacobs opgerig; die datum 1809 is op die voorgewel aangebring. Laasgenoemde is verder versier met festoene en 'n horlosiegesig tussen twee sterre.

Nog 'n interessante kenmerk van die betrokke plaashuis is die vals deur met sy argitraaf en bolig aan die agterkant daarvan. Vertue (1976) voer aan dat dit 'n poging tot simmetrie was wat ook in ander Kaaps-Hollandse geboue aangetref word. Hierdie pleisterwerk lyk so realisties dat dit al beskryf is as 'n outentieke deur wat toegemessel en afgewit is. Dit was egter nie die geval nie; tydens die restourasiewerk gedurende die 1960's is die muurstruktuur noukeurig bestudeer en geen bewyse is hoegenaamd gevind dat daar wel vroeër 'n opening was nie. Brooke Simons (1987) beskryf die res van die pleisterversiering of die agterfasade as volg: "Above it, within a triangular pediment and flanked by a pair of stucco pineapples, a small moulded beast, probably a lion, stands guardian. It seems to be eastern - and decidedly comic-inspiration and is repeated on the gable and urn above as if the unknown craftsman who created it was reluctant to part with his joke".

Die oorspronklike woning op La Dauphiné is dan volgens die Neo-Klassieke styl gebou met baie klem wat op simmetrie gelê is (soos klaarblyklik weerspieël word deur die vals agter deur). Die klipfondasie is volgens mnr. S.P. Malherbe, die huidige eienaar, aan die voorkant van die woning vensterbankhoogte terwyl dié aan die agterkant van die huis veels hoër is. Dit het heel waarskynlik te doen met die helling waarteen gebou is. Met die verloop van tyd is die volgende veranderinge aan die woning aangebring (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal):

Die rietdak is in 1904 deur 'n sinkdak vervang en die dakrand is gelig. 'n "Victoriaanse" deur het die oorspronklike voordeur vervang. Die voorste vensters is deur "Victoriaanse" skuifraamvensters vervang. Mis- en kleivloere is deur dennehout vloere en teëls vervang. 'n Buitekombuisie/melkkamer met 'n platdak is aangebou. Ook is 'n stoepie met 'n gewel aangebou met 'n badkamer aan die een kant daarvan. 'n Venster is uitgebreek en 'n deur ingesit en dit is etlike jare lank as die ingang van die huis gebruik. Die kamer aan die regterhand voor is in twee verdeel en 'n buitedeur is langs die sipres ingesit (die oupa van die huidige eienaar had tien kinders - om vir almal slaapplek te hê het hy van die vertrekke laat verander). 'n Gedeelte van die voorportaal se binnemuur is afgebreek en 'n muur is opgerig om 'n deel daarvan en van die gaandery in 'n kamer te omskep; 'n kaggel is nog later in die vertrek ingebou.

Die huis het egter bouvallig begin raak; die vensters en deure wou nie meer werk nie, stof het deur die plafon gesif en die voorste gedeelte was onveilig om in te woon. Restourasiewerk het daarom in 1967 'n aanvang geneem met Gawie Fagan as argitek. Daar is besluit om die woning na sy oorspronklike staat terug te restoureer. (Sien Fig. 13 vir die grondplan.) Die volgende veranderinge is toe

gedurende hierdie proses aangebring (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal):

Twee badkamers is gebou en die ou badkamer is afgebreek. Die kombuis is gemoderniseer en genoemde platdak buitekombuisie is gesloop. Die kamers aan die regterhand voor se binnemuur is uitgebreek sodat dit weer een vertrek vorm en die buitedeur is toegebou. Ook is die voorportaal herstel. 'n Sonstoepie is gebou waar die oop stoep vroeër was en die sinkdak is deur riet vervang. Die "Victoriaanse" voordeur is verwyder en die negentiende eeuse vensters is vervang. Alle oorspronklike deur- sowel as vensteropeninge is weer oopgebreek. Die soldertrap is na die kant van die opstal verskuif en laastens is die rietsolder met versterkte beton bedek.

Volgens die huidige eienaar, Mnr. Malherbe, het die twee rye akkerbome wat rondom die huis gestrek het, in die slag gebly.

Die buitegeboue

Die res van die werfkompleks (Fig. 14) bestaan uit 'n ou wynkelder suidoos van die opstal en 'n gebou suidwes van die huis wat vroeër gedien het as stalle, waenhuis en werkerswoning.

Die meul op La Dauphiné bestaan nie meer nie. Dit was by die wynkelder geleë en is aangedryf deur water uit die voor wat aan die voorkant van die huis verbyvloei (Hugenote Gedenkmuseum, Argiefmateriaal). Hierdie watervoor het alreeds in die agtiende eeu bestaan en het water aan La Dauphiné, Burgundy en La Bri voorsien. Al wat van genoemde watermeul oor is, is die een maalsteen wat tans as blad van 'n buitelug tafel dien.

Die kelder (30m x 8m) word tans as 'n stoor benut. Die buitemure is 550 mm dik en 'n nuwe binnemuur (130 mm dik) verdeel hierdie gebou in twee. Nuwe deure en vensters is

ingesit en die betrokke gebou beskik oor 'n negentiende eeuse spitsgewel en sinkdak. Daar is 'n oorspronklike rietsolder te sien.

Die ander buitegebou (25m x 7m) se mure is 600 mm dik. Dit het nog die oorspronklike rietsolder en die agterkantste buitemuur is skynbaar op 'n stadium hoër gebou. Twee vertrekke daarvan het as woonkwartiere gedien vir plaaswerkers terwyl die ander kamers onderskeidelik gebruik is as voerkamer, koeistal en kalwerhok, perdestal en waenhuis. 'n Vuurherd kom in een van die woonvertrekke sowel as in die stalgedeelte voor. Daar is 'n definitiewe moontlikheid dat hierdie oorspronklik 'n eenvoudige twee/drie-vertrek geboutjie was wat moontlik die eerste woning op La Dauphiné kon wees; iets soortgelyk aan "The Cottage" op Champagne. Die res daarvan is moontlik later gedurende die negentiende eeu aangebou

Oorblyfsels van die eertydse kraalmuur (10m x 12m) is aan die agterkant van bogenoemde gebou geïdentifiseer.

HOOFSTUK SES

BESPREKING

Boedelinventarisse

Geen van hierdie dokumente kon ongelukkig vir La Dauphiné gevind word nie en dié wat vir vorige eienaars van Champagne en Burgundy opgestel is, dateer almal vanuit die negentiende eeu.

Op "29 January 1881" (MOOC 13/1/385: 63) is die "Inventaris des Boedels van wylen Anna Magdalena le Roux geboren le Roux en nagelatene echtgenoot Petrus Albertus le Roux van Franschoek. Bourgogne/Burgundy" opgestel (Tabel 1). Behalwe dat hulle "3 schulbewyzen groot 1580 pond" in totaal had kon die volgende inligting vanuit die betrokke dokument verkry word. Daar is ongelukkig nie 'n beskrywing van die inhoud van elke vertrek nie en dus kan geen afleidings oor die opstal se grondplan gemaak word nie. Daar word egter melding gemaak van "keldergereedskap" - wyn is in hierdie tydperk dus op Bourgogne/Burgundy geproduseer.

Die le Roux's had ook "3 karren" wat moontlik op die bestaan van 'n waenhuis dui; dit is egter meer waarskynlik dat genoemde voertuie moontlik in die oorspronklike wynkelder gehuisves sou word aangesien die nuwe kelder/stalle reeds laasgenoemde se eertydse funksie oorgeneem het. Melding van "5 beesten" en geen ander lewende hawe word gemaak; ook van 'n "ploeg en eg" wat moontlik gebruik is om die koringlande op die betrokke eiendom mee te bewerk (onthou die dorsvloer en koringmeul op Burgundy).

Die algemene indruk wat deur hierdie spesifieke boedelinventaris geskep word is definitief nie een van ekonomiese welvaart nie - ook die huisraad wat beskryf word is blote noodsaaklikhede.

Tabel 1 Boedelinventaris van Anna Magdalena le Roux 1881,

MOOC 13/1/385:63

Inventaris des Boedels van wylen Anna Magdalena le Roux geboren le Roux en nagelatene echtgenoot Petrus Albertus le Roux van Franschoek.

Bourgogne/Burgundy

2 stoelen £7..10, 1 doz stoelen £6	£	13	10	
4 tavelen £4..0, 1 horlogie £1..15		5	15	
1 tavel £1..5, 2 tavelen £1..10		2	15	
1 ledekant en bed £10, 1 kas £9..0		19		
was en kleed tavel £2..10, tavel en spiegel £0..10		2	10	
lederkant en bed £9..10, 1 tavel en 2 komme £1..7..6		10	17	6
1 bed £4..5, lot boeke £2....,		6	12	6
2 lampen £7..6				
lessenaar £1..0, ledekant en bed £9..15		10	15	
Bed £2.., kas £2.., schenkborden £15		4	15	
glazenwerk £4..0, dispens £3..12..6		7	12	6
2 tavelen, 15 keukengereedschap £2..0		2	15	
keldergereedschap £50, 3 karren £17..0		67		
5 beesten £18..0, zagen £1..0		19		
ploeg en eg £2..5, lot planken £2..10		4	15	
3 schulbewyzen groot				
TOTAAL		1 580		
	£	1 757	12	6

29 January 1881

Die "Inventaris en Taxatie des Boedels (MOOC 13/1/437: 21) van wylen den Heer David Jacobus le Roux en Nagelatene Echtgenootte Helena Maria le Roux geboren Hugo" (Tabel 2) beskryf eerstens: "Zekere 2 stukken eigendoms land met daaraan grenzend Erfpachtland met de daarop staande gebouwen (ongelukkig word dié nie verder beskryf nie). Zyn de gedeelte van de plaats Burgundy gelegen te Franschoek". Weereens word die produksie van wyn aangedui deur die beskrywing van "3 stuk vaten, 7 kuipen, 3 leggers (met ander woorde 456 gellings wyn), 1 Wyn pomp, 1 Trap en ander balie en 1 Lot gesnyde druiven voor een kuip". Ook is daar klaarblyklik op Burgundy brandewyn gestook; "2 Brandewyn ketels" word gelys.

Die inhoud van die gebou wat moontlik as waenhuis gedien het, sien nou as volg daar uit: " 2 Wagens met bygoed, 1 Kapkar, 1 Open do en 1 Kleine kar". Aansienlik meer diere word ook beskryf: " 2 Kar paarde, 18 Ossen, 1 Koe en kalf, 6 Varkens en 3 do/kleine ". Daar was wel 'n stal op Burgundy, asook 'n kraal; die varke sou egter apart aangehou moes word hoewel daar tans nie enige oorblyfsels van 'n varkhok is nie.

Sover dit die grondplan van die opstal raak, word melding gemaak van "Voorkamer meubelen, Vry slaapkamer, Slaapkamer, Eetkamer, Keukengereedschap en Buitenkamer meubelde". Die betrokke dokument is op 7 Februarie 1883 saamgestel. Weereens word daar nie die indruk van 'n buitengewoon vooruitstrewende boerdery geskep nie.

Die mees volledige boedelinventaris wat opgespoor kon word (MOOC 13/1/248: 87) is die "Inventaris der Gemeenschappelyken Boedels van Wylen Andries Stephanus Roux sen. en nagelatene Echtgenoot Pieterella Magdalena Roux geboren Hauman op den 11 den October 1867 met den dood ontruimd en nagelaten is. Ten eerste de Plaats genaamd Champagne gelegen te Fransche Hoek district Paarl"(Tabel 3).

Tabel 2 Boedelinventaris van David Jacobus le Roux 1883,

MOOC 13/1/437:21

Inventaris en Taxatie des Boedels van wylen den Heer David Jacobus le Roux en Nagelatene Echtgenote Helena Maria le Roux geboren Hugo.

Vaste Goederen

I. Zekere 2 stukken eigendoms land met daaraan grenzend Erfpachtland met de daarop staande gebouwen. Zyn de gedeelte van de plaats "Burgundy" gelegen te Franschoek.

Losse Goederen

3 stuk vaten
7 kuipen
3 leggers
1 Wyn pomp
1 Trap en ander balie
1 lot druiven balies
2 Brandewyn ketels en 1 komfyt do
2 Wagens met bygoed
1 Kapkar
1 Open do
1 Kleine kar

Verdere Boerdery gereedschap

1 Geweer
1 Lot gesnyde druiven voor een kuip
1 Water pomp
2 Kar paarde
18 Ossen
1 Koe en kalf
6 Varkens
3 do / kleine

Voorkamer meubelen

Vry slaapkamer
Slaapkamer
Eetkamer
Schottelgoed trommels
Keukengereedschap
Buiten kamer meubelde

7 Febr. 1883

In hierdie geval word die huisraad kamer vir kamer asook die inhoud van party buitegeboue beskryf. Die geboue op die werf wat genoem word is dan "die wynpakhuis, een buitenkamer en de Wagenhuis". Na Andries Stephanus se afsterwe was daar in 1867 "8 leggers (1216 gellings) wyn" en "5 Amen (190 gellings) wyn en brandewyn" in Champagne se kelders. In die "buitenkamer" was daar dan ook "2 Brandewyn Ketels Compleet".

Die vervoermiddels wat in hierdie tyd deur die Rouxs besit was is: "1 Drie legger ossenwagen, 1 kleine do, 4 karren en 1 Paardewagen". Interessant genoeg is laasgenoemde nie in "de Wagenhuis" gehuisves nie. Inteendeel in laasgenoemde buitegebou was enigiets van "10 lange Bamboes" tot "een smidswinkel met toebehoren" aan te tref.

Die vertrekke van "de Woonhuis" wat genoem word is "de camer op rechterhand, De kamer op linkerhand, de slaapkamer, de dispens, de Keuken en die Zolder". Heelwat meer meubels en ander huisraad as in die geval van Burgundy word beskryf.

Bo en behalwe vir wyn is daar klaarblyklik in die betrokke tydperk ook koring op Champagne verbou hoewel dit die enigste van die drie plase is waarop daar nie 'n watermeul was nie. Dié aanname word gemaak op grond van die aanwesigheid van "4 koorn schoppen, eenige gaffels en een kafbak" in Roux se boedelinventaris.

Die enigste plaasdiere waarna verwys word is "een paard" ten spyte van die ossewaens, perdekarre en -waens wat vroeër genoem is.

Laastens is daar dan die "Inventaris en Valuatie van Vaste en Losse Goedere in den Boedel (MOOC 13/1/842: 21) van wylen Anna M. Roux en nagelatene Echtgenoot Pieter Eduard Roux. Gewaardeerd door ons op heden den 16 April 1897" (Tabel 4).

Tabel 3 Boedelinventaris van Andries Stephanus Roux 1867,

MOOC 13/1/248:87

Inventaris der Gemeenschappelyken Boedels van Wylen Andries Stephanus Roux sen. en nagelatene Echtgenoot Pieterella Magdalene Roux geboren Hauman als dezelve door eerstgemelde op den 11^{den} October 1867 met den dood ontruimd en nagelaten is. Ten eerste De Plaats genaamd **Champagne** gelegen te Fransche Hoek district Paarl.

1 Drie legger ossenwagen
1 kleine do
2 span jukken touwen ens.
3 ploegen, 4 karren
2 paar tuigen, 1 kap Paardewagen

In de wynpakhuis

Zeven Stukvaten van vyf legger
Zeven Kuipen vyf en leg
Een 18½ aam vat negen leggers
8 pypen, 5½ Amen in soorten
1 Trap en Anderbalie
2 sy balies, 1 wynpomp compleet
12 emmers, 4 trechters
1 wynbak, 3 kranen, 1 vlootje
2 koperen trechter, 1 gallon beker
eenige ledige vaatjie en kannen
1 Kist met timmermansgereedschap
1 Heuver, 7 wyngaard messen
8 manden, 2 groote do
3 Koevoeten, 10 graven, 8 pikken
4, bylen, 7 schoffels, 3 Klippikken

In een buitekamer

2 eggen, 1 cultivator
8 gesaagde balken
een party dekgoed
2 schragen, een party loodpyp
3 sadels, een balie met kalk
2 Brandewyn Ketels compleet
1 zowyne ketel, 1 trap
4 koorn schoppen
2 harken eenige gaffels

In de Wagenhuis

4 lange ladder, 4 Kuipvellen
2 raam wagen, 1 trek do
4 korte ladders, 1 kruiwagen
9 stelladjes een kafbak
2 stukken voor een wynbak
2 stygerplanken, 20 kozynstukken
8 latyen, 4 drempels
3 gesaagde denne houtdeelen
10 lange Bamboes
8 stukken katelhout
eenige sporten voor ladder
2 pak Kuip hoepels

een smidswinkel met toebehoren
een schroef
18 gesaade planken
een paar wagen leerden en buik

2 groote schotels
2 botter potjes, 2 konfyt do
3 suiker potjes, 1 porselein kom
1 skildery

In de Woonhuis

3 dozyn stoelen, 15 tafels, 12 kussens
1 staande klok of uurwerk

In de kamer op rechterhand

1 kabinet, 1 ledikant
2 beddens, 1 spiegel
2 kleederhors, 1 kleine tafel
½ doz stoelen
1 sofa, 1 spiegel, 1 matras
1 groote Bybel

De kamer op linkerhand

2 Ledikanten een bed
1 spiegel

In de slaapkamer

1 lessenaar, 2 katels
1 Ledikant, 1 matras, 1 kleedhors
drie geweren

In de dispens

10 Trommels, 1 Broodmes
1 groote Kist, 4 doz borden
2 soep kommern, 2 koffy kannen
2 ketels met komforen
8 verdikte schotels, 7 aarden potten
7 stryk yzers, 3 kool do, 3 waterbekers
12 vlakke schotels, 2 waterkruiken
3 kandelaars, 6 komfyt potten
3½ doz Theegoed, 6 Karaften

In de Keuken

2 watervaten, een bakkist
1 tafel, 14 potten in soorten
2 roosters, 2 brood en 2 ronde pannen,
twee potlepels
2 vleesch vorken, 1 schuinspan
2 emmers, 1 groote kookketel
1 worspuit, een koper trommel
3 schink bladen, 2 doz messen
3 doz forken, 1½ doz lepels
3 taartpannen

Op Zolder

3 groote kisten
een party kuipduigeneen kleine katel

4 kanen
16 ??
8 leggers wyn
1 paard
5 Amen Wyn en Brandewyn

In die jaar 1897 dan was die kontantwaarde van die betrokke eiendom 750 pond en is daar "18 leggers Wyn" (2736 gelling) en "1 legger Brandewyn" (152 gelling) geproduseer.

Die enigste vervoermiddels wat nou genoem word is "1 Kar" en "1 Kar". Lewende hawe het egter toegeneem tot "3 Paarden en 6 Varkens". Dit is nie bekend waar laasgenoemde aangehou is nie. Ook die huisraad wat beskryf word se getalle het aansienlik afgeneem. Hierdie patroon is in ooreenstemming met die scenario wat vroeër vir die laat negentiende eeu voorgestel is.

Werfuitlegte

Word daar vervolgens ten slotte na die werfuitleg van die drie betrokke plase gekyk kan die volgende algemene afleidings in verband met hul ontwikkeling gemaak word. In nie een van die drie gevalle is die Kaaps-Hollandse opstalle die oudste gebou op die plaaswerwe nie. Op beide La Dauphiné - die woonkwartiere/stalle/waenhuis - en Champagne - "the cottage" - is daar geboue wat voorgestel word as die oorspronklike of dan vroeëre wonings op hierdie betrokke eiendomme.

Word muurdiktes as kriteria vir die ouderdom van buitegeboue gebruik kom die volgende patroon na vore. In die geval van Champagne en La Dauphiné is die geboue wat as vroeë woonhuise voorgestel word klaarblyklik die oudste op die onderskeie plaaswerwe met mure van 700 mm en 600 mm dik. Ook die waenhuis op Champagne het buitemure van 700 mm en die oorspronklike wynkelder op Bourgogne/Burgundy s'n is 600 mm dik.

Die res van die buitegeboue waarvan die muurdiktes wel bepaal kon word se mure was deur die bank 550 mm dik: die wynkelder op La Dauphiné; die wynkelder op Champagne en die ou perdestal wat nou deel vorm van La Colline; die kelder/stalle op Bourgogne/Burgundy.

Tabel 4 Boedelinventaris van Anna M. Roux 1897,

MOOC 13/1/842:21

Inventaris en Valuatie van Vaste en Losse Goederen in den Boedel van wylen Anna M. Roux en nagelatene Echtgenoot Pieter Eduard Roux Franschhoek.

De Woonplaats "Champagne"		£	750	-
1	Kar		1	
1	Kar		1	
1	Ploeg		7	10
1	Koper Ketel		1	
1	lot touwen			12
12	zakken kaf			9
6	Kuipen		18	
3	stuk vaten		30	
18	leggers Wyn		108	
1	legger Brandewyn		22	10
1	Trap ronden Balie		2	
1	Trechter			10
4	Balies			10
6	Vaten		3	
7	Ankers		1	15
1	Pomp		7	10
6	Emmers			7
2	Vluutte			10
4	Zagen			10
2	paar Tuigen			10
8	Mandjes		1	10
3	Paarden			12
6	Varkens		25	
25	M. Ankers		10	
1	doz stoelen		3	15
3	Tafels			15
3	Tafels		1	10
1	Klok			15
1	lamp			5
1	lot Breekgoed		1	10
1	lot keukengereedschap			5
1	Watervat			10
1	Bakkist			10
1	Tafel			5
1	Kast			10
1	Ledikant & bed			3
2	Kasten		5	
2	Spiegels		3	
2	Katels		1	10
1	Tafeltje			5
1	ledikant			10
1	Tafel			2
1	Spiegel		2	10
1	doz stoelen			5
1	Harmonium			2
1	Tafel		6	
1	lamp		7	10
			1	10
				5
		£	<u>1 031</u>	<u>10</u>

Gewaardeerd door ons op heden
den 16 April 1897

Bourgogne/Burgundy se werf kon dus moontlik as volg ontwikkel het. Die oorspronklike wynkelder is die oudste oorblywende gebou op hierdie plaas. Dit word egter steeds betwyfel of dit die oorspronklike woning sou wees. Hierna is dan die kelder/stalle, waarskynlik tydgenootlik met die bestaande opstal opgerig.

In die geval van Champagne dateer "The Cottage" en die waenhuis beide uit die aanvangsperiode van die ontwikkeling van dié plaaswerf. Hierna is die wynkelder en die "perdestal" op La Colline (waarskynlik ook die bestaande woonhuis op Champagne) in skynbaar dieselfde tydperk opgerig. Dit is aanvanklik oorweeg dat die gebou op La Colline moontlik die oorspronklike wynkelder van Champagne kon wees - dit het soortgelyke afmetings as die een op Bourgogne/Burgundy. Die feit dat dit egter dieselfde muurdikte het as die voorgestelde latere wynkelder op die plaaswerf weerspreek egter hierdie moontlikheid.

Laastens dan die plaaswerf van La Dauphiné: Weereens is die gebou wat as 'n vroeëre woning voorgestel word klaarblyklik die oudste een op die werf met die wynkelder en Kaaps-Hollandse opstal wat uit 'n gemeenskaplike latere periode dateer.

Betreffende die watermeulens op Bourgogne/Burgundy en La Dauphiné: hierdie geboutjies bestaan ongelukkig nie meer nie. Vanuit 1/STB 19/183 (Eise van Meulenaar, Drakenstein vir Maalgelde en Onkoste, lyste van persone 2.04.1810 n.p.) weet ons dat D.J. Jacobs van La Dauphiné en D.J. le Roux van Bourgogne op genoemde lys verskyn en dat daar dan noodwendig reeds in die vroeë negentiende eeu op hul plase koring gemaal is.

Om 'n idee te skep van die verdere diversiteit wat moontlik in die werfuitleg van plase in die Franschhoekvallei mag voorkom, kan kortliks na die volgende voorbeeld gekyk word. Boekenhoutskloof verskil

in dié belangrike opsig van die reeds genoemde drie plase in soverre dit 'n pionierstipe werfuitleg het. 'n Argeologiese opname van hierdie betrokke eiendom in deur Deacon & Rossouw (1991) onderneem.

In die eerste plek beskik Boekenhoutskloof nie oor 'n tipiese Kaaps-Hollandse woning nie. Die oorspronklike opstal, waarskynlik opgerig tussen 1750 en 1784 (Deacon & Rossouw 1991) was 'n eenvoudige assimetriese vier-vertrek gebou ('n voorkamer en kombuis met twee kamers op regterhand) met 'n gedeeltelik losstaande buitegebou (die huidige kombuis). " The stone foundations of the older cross wall were examined to test the suggestion that the present kitchen occupies what was originally a separate building. This does not seem to be the case. The termination of the brickwork against the stone footing and the two layers of clay plaster on the stone footing leave no doubt that an existing outbuilding was connected later to the house to form the T shape. There are also differences in the floor deposits. " Die opstal het verder blykbaar vroeër 'n gewel gehad en die stoep was beperk tot die gedeelte rondom die voordeur.

Die res van Boekenhoutskloof se werfuitleg sien as volg daar uit (Deacon & Rossouw 1991). Die oorblyfsels van die oorspronklike kraal is 100 meter oos van die opstal geleë. Dit was skynbaar 'n reghoekige klipstruktuur met mure ongeveer 2 meter hoog. Huidiglik is dit egter in die middel van 'n vrugteboord geleë en is dit grootliks vernietig deur moderne boerdery praktyke. Soos met talle ander voorbeelde van 'n pionierswerfuitleg is die kraal ook in hierdie geval voor en binne sigafstand van die opstal geleë. Dit is in teenstelling met meer elite werwe waar die ligging van die kraal minder prominent en aan die agterkant van die wonig was.

Omtrent 250 meter oos van die opstal, op die oewer van die waterstroom, is daar die oorblyfsels van 'n muur en 'n hoop klei (Deacon & Rossouw 1991). Hierdie muur het

'n spoelklipfondasie, is 2,3 meter hoog en sowat 550 mm dik. Dié struktuur was egter nie identifiseerbaar nie.

Dan is daar die "wolwehok" (Deacon & Rossouw 1991), geleë op die kant van die terras 150 meter suid van die T-vormige opstal. Dit is 3 meter x 3 meter groot en van klip gebou. Laastens is daar die skuur (noordoos van die woonhuis). Hierdie gebou, wat ook as wynkelder gefunksioneer het, is weereens van klip gebou.

Ter opsomming dan: die moontlike oorblyfsels van die vroeg tot middel agtiende eeuse plaaswerwe is die oorspronklike wynkelder op Bourgogne; "The Cottage" en waenhuis op Champagne en die woonkwartiere/stalle/waenhuis op La Dauphiné. Die oorgrote meerderheid van die geboue op die betrokke drie plase dateer waarskynlik vanuit die oorgang tussen die agtiende- en negentiende eeu maar veral die negentiende eeu. Boekenhoutskloof verskil duidelik van die voorafgaande en bevat waarskynlik meer elemente van hoedat 'n agtiende eeuse pionierswerf in die Franschhoekvallei daar uitgesien het. Let egter daarop dat dit nie voorgestel word dat dit as dié tipiese Franschhoek pionierswerf beskou moet word nie. Dit word ook beseft dat 'n volledige opname van die buitegeboue op Boekenhoutskloof nodig is voordat enige finale afleidings of vergelykings rondom hierdie werf en ander plaaswerwe in die betrokke area gemaak kan word.

HOOFSTUK SEWE

GEVOLGTREKKING

Die heel eerste punt wat opgeval het uit hierdie projek is hoeveel van die oorspronklike plaasgrense - wat die eiendomme van ongeveer 60 morg elk soos uitgereik in die vroeë agtiende eeu afbaken - tans nog geïdentifiseer kan word. Dit het geblyk toe 'n kaart van die oorspronklike diagramme asook latere onderverdeling en uitbreiding van die betrokke eiendomme in die Franschhoekvallei saamgestel is. Laasgenoemde is omgeskakel na 'n moderne 1:10 000 skaal en nadat dit oor 'n ortofotokaart van die area geplaas is, kon duidelik gesien word hoedat moderne landerye, paaie en plaasgrense ooreenstem met die grense van die Hugenoot plase. Ook die vorm van stukke grond wat later by die oorspronklike plase gevoeg of weggeneem is, is duidelik sigbaar. Dit sou die moeite werd wees om te probeer vasstel of van die bakens wat deur die VOC opgerig is om die grense tussen plase aan te dui nog in die teenswoordige kulturele landskap aanwesig is

'n Tweede belangrike punt wat beklemtoon is, is die groot hoeveelheid informasie wat in verband met die Kaaps-Hollandse opstalle beskikbaar is terwyl veels minder oor die res van die werfkompleks bekend is. Nie in die geval van een van die drie plase waarvan 'n opname gemaak is, is die woonhuis die oudste gebou nie - tog word dit verreweg as die belangrikste beskou. Die huidige eienaars van Burgundy, La Dauphiné en Champagne kon baie inligting verskaf oor die "patrisiër" wonings op hul onderskeie eiendomme, so ook die Hugenote Gedenkmuseum op Franschhoek en verskeie van die geskrewe bronne wat geraadpleeg is. Na die ander buitegeboue word net raketings verwys hoewel tog soms erken word (Malherbe 1991): " Dit is belangrik dat die opstal en werf as 'n geheel bewaar word aangesien dit 'n eenheid vorm". Te wyte hieraan is daar dan nie dieselfde mate van belangstelling in die restourasie van buitegeboue as wat

die geval is met die opstalle nie. Gevolglik word die voortbestaan van 'n belangrike deel van die ontwikkelingsgang van plaaswerwe dus bedreig. Toegegee, plase word as ekonomiese eenhede bedryf en om lewensvatbaar te bly is voortdurende vooruitgang en modernisering - dus ook van geboue - uiters noodsaaklik. Dit behoort egter moontlik te wees om meer simpatieke argitektoniese moontlikhede te oorweeg in laasgenoemde geval.

In die geval van La Dauphiné en Burgundy is omvattende restourasiewerk onderskeidelik in 1967 en 1988 onderneem om die plaasopstalle na hul eertydse Kaaps-Hollandse styl te herstel. Tydens dié proses is tekens van die Victoriaanse periode van die geboue verwyder. Restourasie word ook in die toekoms vir die woning op Champagne beplan. Hier het ons dus weereens te make met die netelige kwessie of dit enigsins geregverdig kan word al dan nie om 'n gebou tot 'n spesifieke periode in sy geskiedenis terug te restoureer. Oor laasgenoemde onderwerp is reeds baie gesê en dit kan net weer beklemtoon word dat die latere aanpassings van die Kaap-Hollandse styl by die negentiende eeuse Engelse argitektuur ook deel vorm van die betrokke geboue se geskiedenis.

Aan die hand van die betrokke voorbeelde wil dit blyk asof laasgenoemde praktyk ongelukkig 'n groot deel van die drie plaasopstalle se geskiedenis ignoreer. Dit is meer as 'n nostalgiese teruggryp na die verlede. Deur die plaasopstalle weer in 'n Kaaps-Hollandse baadjie te klee word die horlosie teruggedraai na 'n tydperk van ekonomiese welvaart waartydens die eienaars van Burgundy, Champagne en La Dauphiné invloedryke persone was in die plaaslike gemeenskap.

Die Franschhoekvallei is egter nie altyd gekenmerk deur vooruitstrewende boerderye nie. Sekerlik was die pionierstydperk, soos vergestalt in die

Boekenhoutskloofwerf, 'n periode waartydens ekonomies swaargekry is. So ook die negentiende eeu - veral die laaste paar dekades daarvan - wat met die Victoriaanse argitektuur geassosieër word, was 'n periode van onstabiliteit. Vroeg in die eeu is slawe vrygestel en is arbeidsverhoudinge wat vir bykans twee eeue gehandhaaf is omvergewerp. Op nie een van die betrokke plase is daar 'n gebou wat geïdentifiseer word as slawekwartiere nie. Volgens oorlewering was twee klein kamertjies in die kelderverdieping van Champagne se woning as huisvesting vir slawe benut. Dit lyk egter onwaarskynlik, genoemde vertrekke kon eerder sogenaamde vethokke gewees het (dit is in die omgewing van die oorspronklike hoenderhokke) waar pluimvee aangehou is terwyl hulle vir die tafel vetgevoer is. Walton (1989) het die volgende hieroor te sê: " On many farms there is a small room under the steps to the loft. When I asked Mr Myburgh what was the purpose of such a room on his farm, Joostenberg, he replied that his father had always called the room a *vethokkie*: a room where the fowls were confined and well-fed to fatten before being killed for the table. "

Soos reeds vermeld was die laaste dekades van die negentiende eeu 'n tydperk van ekonomiese agteruitgang (Christopher 1976). Plase het steeds kleiner geword soos die eiendom onder erfgename verdeel moes word. Daar breek toe boonop 'n filoksera of druifluis (*Phylloxera vastatrix*) -epidemie uit; 'n siekte wat op die wortels van wingerdstokke teer en hulle uiteindelik laat doodgaan. Laasgenoemde was vir die wynboere van die Franschoekvallei 'n groot terugslag en dit is gedurende dié tyd dat Cecil John Rhodes se maatskappy soveel van die plase in die Drakensteinvallei uitgekoop het. Die landbouers van hierdie area is in baie gevalle genoodsaak om na vrugteboerdery oor te skakel. Sekerlik kan die aanname nou gemaak word dat dit etlike jare sou duur voordat die spesifieke boere weer kapitaalkragtig sou wees.

Daarom dan dat die afleiding gemaak word dat steeds verkies word om plaasopstalle te laat restoueer tot 'n era van ekonomiese welvaart en die daarmee gepaardgaande gesag. Juis omdat die patrisiër woning so 'n kragtige simbool van laasgenoemde is, word al die latere argitektoniese veranderinge - wat gekoppel word aan ekonomiese agteruitgang en verminderende gesag - dan verwyder.

'n Laaste stelling wat in hierdie verband gemaak kan word is dat dit interessant is om daarop te let dat die ekonomiese era waarna inherent teruggekeer word in die opstalle se argitektoniese geskiedenis, totaal verskil van die ekonomiese bedrywe wat huidiglik in die studie-area beoefen word. Op nie een van die drie betrokke plase is wynproduksie meer oorheersend nie. Inteendeel, vrugte word op die oomblik op veel groter skaal as wyn geproduseer. Die verskil lê egter daarin opgesluit dat vrugteboerdery in die Franschhoekvallei tans aan 'n mate van ekonomiese welvaart gekoppel word, iets wat definitief nie die geval was aan die begin van die twintigste eeu nie.

Ten slotte kan dit gestel word dat daar in die geval van Bourgogne/Burgundy, Champagne en La Dauphiné nie 'n ooglopende ooreenstemmende patroon van werfuitleg voorkom nie. Daar is ook 'n gebrek aan duidelike simmetrie in die rangskikking van die plaasopstal en die buitegeboue - wat telkemale as die agtiende- en negentiende eeuse norm in die uitlê van plaaswerwe in die Suidwes-Kaap voorgehou word.

Tog is daar op 'n meer subtiele manier wel sekere ooreenkomste. In die geval van al drie die betrokke plase is die opstal H-vormig. Weereens verskil laasgenoemde drie wonings egter van mekaar in soverre die gallery gedeelte van die huis op La Dauphiné buitengewoon lank is terwyl die woning op Champagne 'n kompakte H is. Daar is ook 'n mate van ooreenstemming in die tipe

buitegeboue wat voorkom (of het). Die patroon waarvolgens hulle rangskik is, verskil egter van mekaar. Ook die ontwikkelingsgang (vanaf eenvoudige agtiende eeuse pionierswerf, deur die Kaaps-Hollandse en Victoriaanse eras tot en met die hede) van die drie plaaswerwe toon sekere ooreenkomste. Die feit dat Boekenhoutskloof skynbaar nooit 'n werklike Kaaps-Hollandse fase gehad het nie, toon dat ook op hierdie gebied daar wel verskille voorkom.

Dit wil dus blyk dat die betrokke werwe eerder individualiteit binne dieselfde argitektoniese raamwerk of stylvak weerspieël as 'n hoë mate van konformiteit. Daar moet dus rekening gehou word met die handeling van die individu teen die ekonomiese, politieke en kosmologiese agtergrond van 'n betrokke periode. Dit is 'n probleem wat spesifiek deur historiese argeoloë aangespreek moet word siende dat hulle in die posisie is om van persoonlike dokumentêre data gebruik te maak.

Die Franschhoekvallei-projek bied dus talle geleenthede vir verdere navorsing. Daar is spesifiek die nodigheid om sowel die argivale databasis as die aantal vergelykende voorbeelde uit te brei.

BRONNE

Botha, C.G. 1970. *The French Refugees at the Cape*.
C. Struik: Cape Town.

Brooke Simons, P. 1987. *A Concise Guide to Cape Dutch Houses*. C. Struik: Cape Town.

Christopher, A.J. 1976. *Studies in Historical Geography: Southern Africa*. Dawson: Folkestone

Coertzen, P. 1988. *Die Hugenote in Suid-Afrika 1688-1988*.
Tafelberg: Kaapstad

Cook, M.A. & Fransen, H. 1980. *Early Buildings at the Cape*. A.A. Balkema: Cape Town

De Bosdari, C. 1964. *Cape Dutch Houses and Farms*.
A. A. Balkema: Cape Town

Fairbridge, D. 1922. *Historic Houses of South Africa*.
Humphrey Millford: London

Guelke, L. 1982. Die blanke setlaars, 1652-1788. In
Elphick, R. & Giliomee, H. (red) *'n Samelewing in
Wording: Suid-Afrika 1652-1820*. Longman Penguin:
Kaapstad

- Guelke, L. & Shell, R. 1983. An Early Colonial Landed Gentry: land and wealth in the Cape Colony 1682-1731. *Journal of Historical Geography* 9(3): 265-281.
- Joubert, H.S. 1985. *Vroeë Blanke Vestiging in die Franschhoekvallei 1688-1827*. M.A. Tesis: Universiteit Stellenbosch.
- Marais, E. 1983. *Kuier By My*: Simondium
- Paarl Post*. Raaisel van die gewel opgelos. 8 Julie 1983.
- Pama, C. 1980. *Cape Wine Homesteads*. A.D. Donker: Johannesburg
- Trotter, A.F. 1903. *Old Cape Colony*: Cape Town
- Van Zyl, D.J. 1973. *Kaapse Wyn en Brandewyn 1795-1806*. Doktorale Proefskrif: Universiteit Stellenbosch
- Vertue, E. 1976. *Op reis met Eric Vertue*. Old Mutual Drukkery: Kaapstad
- Walton, J. 1989. *Old Cape Farmsteads*. Human & Rousseau: Cape Town

ONGEPUBLISEERDE MATERIAAL

Deacon, H.J. & Rossouw, L. 1991. *Boekenhoutskloof: Phase 1, Impact Statement - Historical Archaeological Assessment*. Unpublished report. Department of Archaeology. University of Stellenbosch

Hugenote Gedenkmuseum, Franschoek: Ongepubliseerde Argiefmateriaal

Kaapse Argief: MOOC 13/1/248: 87

Kaapse Argief: MOOC 13/1/385: 63

Kaapse Argief: MOOC 13/1/437: 21

Kaapse Argief: MOOC 13/1/842: 21

Malherbe 1991. *Burgundy 1791-1991*. Ongepubliseerde gedenkskrif. Hugenote Gedenkmuseum. Franschoek.

Vos, H.N. 1986. *Burgundy, Franschoek: Voorlopige Verslag en Aanbevelings t.o.v. die hoofopstal*. Ongepubliseerde verslag: Stellenbosch Museum




Fig.4 Grondplan van die opstal, Burgundy

Skaal 1:100




Fig5 Plan van die werf, Burgundy

skaal 1:500




Fig.9 Grondplan van die opstal, Champagne

Skaal 1:100




Fig.10 Plan van die werf, Champagne

skaal 1:500



Fig.13 Grondplan van die opstal, La Dauphine

Skaal 1:100




Fig.14 Plan van die werf, La Dauphine

skaal 1:500